LAERSKOOL BAKENKOP

Posbus 51928, Wierdapark, 0149
Tel 012 – 653 4187/8 faks 012 653 4129
Underbergstraat, 5 Wierdapark, Centurion
E-Mail johansch@telkomsa.net /bakenkop@telkomsa.net
www.laerskoolbakenkop.co.za

28 Julie 2010

OUEROMSENDBRIEF 22/2010

UITTREKSEL UIT DIE DAAGLIKSE ELEKTRONIESE OMSENDBRIEF

Geagte ouers/voogde

1. REKENAARKLASSE

Rekenaarklasse in die namiddae het weer begin op Maandag 26 Julie 2010 en eindig vir die kwartaal Woensdag 8 September 2010. Inskrywingsvorms beskikbaar by Mev. Marianne Kleynhans. Koste R30.00 per les vooruitbetaalbaar.
Tye Maandae 15:00-16:00 en Woensdae 13:30-14:30.

2. KLIKBEK EN KLITSIES

Omrede die skool oorgeskakel het na die nuwe elektroniese omsendbriewe stelsel val die Klikbek en die Klitsies, wat die advertensies was wat in die Klikbek geplaas was, weg. Alle inligting wat in die Klikbek verskyn het sal voortaan op die nuwe elektroniese stelsel gesien kan word. Die Klitsies sal tot verdere kennisgewing ook nie geplaas word nie.

3. VRYDAG HEMDE

Daar is nou weer Vrydag hemde beskikbaar in die Snoepie @ R80.00.

4. HOËRSKOOL ELDORAIGNE KOM BESOEK ONS

Gaan kyk gerus na 'n paar foto's op ons foto blad.

5. HERREGISTRASIE VAN LEERDERS VIR 2011

Ek wil graag vir u hulp vra met hierdie taak, waarvoor die skool nie baie tyd het nie.

HOOFBORG McCARTHY TOYOTA, HENDRIK VERWOERDRYLAAN
ONDERSTEUN HULLE ASB. TEL: 012 653 9400

Die taak is: HERREGISTRASIE VAN LEERDERS VIR 2011 VOOR/ OP 30 JULIE 2010. Inskrywings na 30 Julie 2010 ontvang, word as laat inskrywings hanteer.

Voltooi asseblief vir elke leerder wat weer volgende jaar in LAERSKOOL BAKENKOP gaan wees so`n vorm en stuur dit asseblief terug aan sy/haar voog-onderwyser. Die onderwysers sal met ontvangs u kind se naam op die klaslys afmerk en seker maak dat u `n WAGLYSNOMMER kry.

Daar is ook ander leerders wat toegang wil hê in die skool en ons wil vir u kind `n eerste kans gee.

Dankie vir jul hulp. Jul was nog altyd staatmakers. Johan Scheepers.

6. OUER BESONDERHEDE

Baie dankie aan al die ouers wat reeds hulle besonderhede op die elektroniese omsendbrief-sisteem aangebring het. Daar is egter nog baie ouers wat net die sisteem opgelaai het maar nog nie deur al die stappe gegaan het nie. Kliek asb. op die 'besonderhede' afdeling en voltooi u inligting en druk 'onthou'. Ons benodig dit vir rekord doeleindes. Baie dankie vir u samewerking in die verband.

7. NETBAL EN RUGBY PRYSUITDELING

Die netbal en rugby prysuitdeling moet ongelukkig verskuif word van 3 Augustus 2010 na 12 Augustus 2010. Jammer vir enige ongerief.

8. BAKIEJOLLLERS – ADDISIONELE OPTREDE

Daar is 'n addisionele optrede vir die Bakiejollers wat nie op die kwartaal program aangebring is nie. Ons vra omverskoning hiervoor. Hulle tree op by ons opedag op 18 Augustus 2010 @ 16h00 - 16h30. Hulle moet reeds 15h30 in juf. Arista se klas wees, ten volle geklee en grimeer.

9. SENIOR KOOR

Elke Senior Koorlid het 'n brief ontvang met volledige reëlings vir die kwartaal. Stuur skeurstrokie DRINGEND asseblief.
Die volgende regstellings moet u asseblief aanteken op die kwartaalprogram:
12 Augustus 2010: Kleedrepetisie - Staatsteater
14 Augustus 2010: Optrede Staatsteater
18 Augustus 2010: Laaste oefening 16:00 - 17:30.

10. EXPO 2011

Die Expo 2010 take lyk pragtig. Gaan besigtig gerus van die take wat reeds beoordeel is op ons fotoblad.

11. LIGTE LIEDJIE OEFENING

Ligte Liedjie oefening: Liedjies word by die huis geoefen. Net voor die optredes sal ons tye reël dat leerders die liedjies vir Juf. Tersia kom deur sing.

Centurion Kunstefees: Ons sing op 10, 11 en 12 Augustus 2010. Volledige inligting is in die brief wat leerders die week sal ontvang.

12. GR. 3 TOER

Gr 3 toer vind plaas 19 - 22 Oktober 2010. Dankie vir die wat reeds toergelde betaal het. Die laaste betaling voor of op 23 September 2010.

13. JUNIOR KOOR

Die Junior Koor oefen die kwartaal slegs op Woensdae 13:30 tot 14:30.
Optredes: 5 Augustus 2010 -Pretoria Stadsaal saam met Andriette Norman 13:30-21:30
19 Augustus 2010 -Radio Kansel-Tehila 09:00-11:00
21 Augustus 2010 - Centurion Kunstefees optrede by L/s Rooihuiskraal 13:00
Volledige inligting sal volg. Kaartjies vir Stadsaal sal uitgestuur word saam met u kind.

14. AKADEMIE – GR. 4 – GR. 7

Benodig DRINGEND ouerhulp met aflê van toetse gedurende toetsperiodes met die komende toetsreeks

Skakel Marika van Wyk by die skool.

15. SEUNS HOKKIE

Die seunshokkie het die naweek aan 'n feestoernooi deelgeneem in Pretoria. As gevolg van 'n ongeluk op die snelweg, kon al die 0/13 seuns nie betyds vir die eerste wedstryd wees nie. Ons was genoodsaak om met 5 seuns te speel. Al die seunspanne hulle baie goed van hulle taak gekwyt. Dit was ook die eerste keer dat Laerskool Bakenkop se seuns opdraf vir hokkiewedstryde.

Ons het 2 spelers van die wedstryd gehad, Kyle van Rooyen o/10 en July Spiers 0/12. Kyle van Deventer, Kyle van Rooyen en Thabo Thamae het ook onderskeidelik doele aangeteken. Baie geluk aan die seuns en al die ander spelers op die veld wat dit nie sonder julle sou kon doen nie. Die volgende feestoernooi vind plaas DV 21 Augustus 2010 by H/S Garsfontein. Meer besonderhede volg later.

16. SPEELGOED VIR NASKOOLSENTRUM

Indien daar enige ou speelgoed moontlik in u huis rondlê skenk dit asb. aan ons Naskool.

17. ELEKTRONIESE OMSENDBRIEF

Ons nuwe elektroniese omsendbrief is 'n week lank in werking. Ons sal graag terugvoering van die ouers wil ontvang oor hoe julle die nuwe sisteem ervaar en waar daar dalk probleme ondervind word. Positiewe terugvoering is veral welkom. E-pos julle terugvoering aan bemarker@laerskoolbakenkop.co.za asb.

18. MERIETE STELSEL

Lees meer oor die merietestelsel van die skool deur op die bronne leêr te tik en te lees.

Vriendelike groete

_____

J.W.C. SCHEEPERS
HOOf